Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS NET MY BESTE

16 Februarie 2024 Uitgawe: 5/1/2024

## UIT DIE KANTOOR

Vandag is daar heerlik Valentynsdag gevier by Tjokkies. Baie dankie aan die leerderraadouers wat die terrein so mooi versier het met ballonne, rooi en pienk hartjies asook die heerlike bederf vir die personeel. Februarie is gewoonlik die maand van liefde. Mag u ook die liefde in u familie ervaar en mag dit vir 12 maande van die jaar so wees, nie net in hierdie maand nie. Geniet die tye saam met u gesin, want tyd staan nie stil nie.

Baie geluk met u kind se prestasies in die swembad en op die krieketveld die afgelope week ongeag die uitmergelende weer van die laaste paar dae. Ons vriendskaplike swemgala by Willem Postma het goed afgeloop en elke swemmer het dit baie geniet.

Baie dankie aan elke ouer wat die afgelope week se sportvergaderings bygewoon het. Vanjaar is ons meer voorbereid vir die seisoen wat voorlê en sien ons uit na die wintersportseisoen wat binnekort afskop. Indien u nie die vergaderings kon bywoon nie, is u welkom om Juf. Natasha (netbal) of mnr. Arthur (rugby) te kontak vir meer inligting rakende die rugby- en netbalseisoen.

Die Departement van Gesondheid besoek jaarliks skole waar kinders gratis ontwurmingspille ontvang. Kinders moet hierdie pille in die teenwoordigheid van die suster neem en kan ongelukkig nie huis toe gestuur word om tuis te neem nie.

Die Departement besoek die skool op Woensdag, 6 Maart waar hulle ook gratis immunisering vir die gr. 5 seuns en dogters sal gee. Leerders ontvang eersdaags ’n toestemmingsbrief wat u as ouer moet voltooi en terugstuur skool toe. Daarop kan u aandui of u toestemming verleen of nie.

## ANDER

**BEHEERLIGGAAM VERKIESING**

Net weer ’n vriendelike herinnering aan die komende Beheerliggaamverkiesing wat sal plaasvind op Donderdag, 7 Maart. Dit sal net soos in 2021 weer ’n elektroniese stemming wees. Dankie aan die ouers wat reeds die ouerdatavorms betyds teruggestuur het. Daar is egter nog enkele ouers wat nie hul vorms teruggestuur het nie. Ons moet hierdie data nog verwerk en betyds aan die diensverskaffer stuur vir verwerking.

**Ouerpare met slegs een epos-adres tussen die twee ouers, beteken dat slegs een van die ouers kan stem. Die diensverskaffer beveel aan dat albei ouers hul eie eposadres moet hê wat gekoppel sal word met u selfoonnommer sodat albei ouers kan stem. Indien u nie 'n eposadres het nie, stel hul voor dat u 'n "*gmail account*" moet open vir hierdie en toekomstige geleenthede. Stel dan die kantoor in kennis sodat die nuwe inligting voor 22 Februarie op die sisteem gelaai kan word.**

**Die skool kan dus geen verantwoordelikheid aanvaar as u informasie verkeerd of onvolledig is nie.**

Vandag open die nominasies vir belangstellendes. Nominasievorms is in harde kopie by ontvangs beskikbaar, maar word ook by vandag se weekblad aangeheg. Lees asb. duidelik die instruksies hoe u te werk moet gaan om iemand te nomineer.

Nominasies sluit 6 Maart 2024 om 8:00.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 16 Febr.: | Gr.7 Dansopleiding |
| | SVS O/13 Hokkieproewe |
| 17 Febr.: | Fichardtpark Prestige Atletiek Byeenkoms |
| | SVS o/13 Hokkieproewe |
| 19 Febr. | o/9 Krieketliga |
| 20 Febr.: | o/11 Krieketliga |
| 21 Febr.: | Interprimêre Swemgala |
| | SPF Leerders ontvang toetswerk |
| 22 Febr.: | Interprimêre Swemgala |
| | o/13 Krieketliga |
| 23 Febr.: | Motheo Xhariep Atletiek |

## VERJAARSDAE

Geen


# VOORTREKKERS




Tjokkies, in samewerking met die Voortrekkers, gaan die Choc-kinderkankervereniging ondersteun! Koop 'n plakker teen R12 en trek Vrydag, 23 Februarie, jou 'flip flops' saam met jou skoolklere aan. Aankope sluit op 19 Februarie.

Kom ons los omgeespore op hierdie dag met ons 'flipflops'!

# VAN DIE MAMMAS WAT BID



**Teks: Joh. 3:16**

*"Want so LIEF het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."*

Daar is iets baie spesiaal omtrent JOU wat maak dat God oorloop van liefde vir jou.

Het jy al ooit voor die spieël gaan staan en deeglik na jouself gekyk? Wel, gaan doen dit vandag en word bewus van die unieke beeld waarmee God jou geseën het. Hy het jou gelaatstrekke gevorm. Hy het jou so lief dat Hy baie in sy skik is met jou! Hy hou baie van hoe jy lyk!

Hy gee vir jou om en wil die beste vir jou hê. Hy wil hê dat jy gelukkig moet wees. Hy sal by jou bly wanneer ander jou in die steek laat. Hy sal jou troos wanneer jy hartseer en eensaam is.

Jesus het as bewys van sy liefde vir jou SY lewe prys gegee en sodoende jou vrygespreek van sonde. Jy kan geen prys aan God se liefde vir jou plaas nie en jy kan niks doen om dit te verloor nie. Al wat God van jou wil hê is dat jy Hom sal kies en ook met jou hele hart en siel moet liefhê.

Wees elke dag bewus van God se liefde vir jou. Ons vergeet partykeer hoe geseënd ons werklik is en dan raak mens vinnig met niks tevrede nie. Wanneer mens met so 'n houding deur die lewe gaan, kla mens net die heeltyd!

God se liefde is een van die grootste geskenke wat Hy ooit vir jou kon gee en niemand kan ooit daardie liefde wegneem nie. Ontvang dit met 'n oop hart – dis vir altyd en vir ewig!

# FINANSIES

Graag wil ons ouers herinner aan skoolfonds vir 2024:

**Skoolfonds en nasorg gelde:**
Daar is 3 opsies vir betaling van skoolfonds:

1. **Eenmalige betaling (R16 700) voor 1 Maart.**
2. **EFT betaling R1 660 per maand voor die 7de van die maand (Feb-Des)**
3. **Debietorder betaling R1 530 per kind (Feb-Des)**

**Nasorggelde:**
R500 per maand (Feb-Des)
R5 500 per jaar (voor 1 Maart)
R1 375 per kwartaal (betaalbaar voor 7 Feb, 7 Apr, 7 Jul en 7 Okt)

- Stuur asb. 'n nuwe debietordervorm na die finansiële kantoor (daleen@tjokkies.co.za) indien daar 'n nuwe boetie/sussie by gesit moet word of indien u bankbesonderhede verander het.
- Al die kinders wie ingesluit moet wees by die debietorder se name moet op 1 vorm ingevul word.
- Nuwe debietorder vorms kan steeds ingestuur word. Dit gaan dan vanaf Maart ingestel word.

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik sodat ons betalings korrek allokeer per skoolrekening. Kontak asb. die finansiële kantoor (daleen@tjokkies.co.za) vir die korrekte verwysingsnommer van u gesin.

**Die skool se bankbesonderhede is as volg:**
Universitas primere skool
ABSA
Takkode 632005
Rekno 1570670200

# REDENAARS






*….. "Life is like riding a bicycle. To keep your balance, you must keep moving...."*

En met die positiewe woorde klim ek weer op die fiets en nooi u uit om deel te wees van ons ROLBAL-dag. Tjokkies het altyd heerlike pret by ons spesiale dag en ons bou heerlike familiebande en vriendskapsbande.

Skryf 'n span in, trek snaaks aan, kom deel in ons saamwees en dalk wen julle nog 'n prys...



# KAALVOETKAFEE

Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):
082 612 7756
E-posadres:
kaalvoetkafee@tjokkies.co.za

## SNUFFELS

